Heilbron
# Herald
IF IT IS NOT IN THE HEILBRON HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR.
WEEK 36 Deel 110
VRYDAG - 20 SEPTEMBER 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Egpaar vandag begrawe

Die de Vos egpaar, Francois en Sylvia van Henley-On-Klip, wat op 7 September sowat 20km buite Heilbron op die R57 verongeluk het, is vandag begrawe uit die Volle Evangelie kerk, Alberton. Twee wit kruise is vir die egpaar op die ongelukstoneel geplant. Sylvia se vader het self ook 'n houtkruis vir sy dogter geplant. Die egpaar se seun Jonathan (15), wat saam in die ongeluk was, sou moontlik die begrafnis vandag kon bywoon. Medici van die Unie-hospitaal het alles moontlik gedoen om dit te bewerkstellig. Sy vriendin Catherine Myburgh (15), wat ook saam in die ongeluk was, is Woensdag oorgeplaas van Unversitas in Bloemfontein na die Unie-hospitaal, waar sy en Jonathan mekaar vir die eerste keer weer gesien het na die tragedie. Sy moes onder meer 'n operasie aan haar voorkop, linkerknie en -arm ondergaan. Die hereniging tussen die twee tieners was vir hulle baie emosioneel.






# Veediewe is genadeloos



Op Donderdagaand 12 September het veediewe 120 skape op die plaas Erfenis van Bertus van der Westhuizen gesteel. Die veediewe het van die ouer dragtige ooie langs die pad bloeddorstig doodgeslaan omdat hulle nie kon byhou met die aanjaag nie. Van die ander ooie het bloot gevrek weens uitputting. Die skape is vir 20km deur die veld gejaag en lyndrade is geknip. Bertus sê dat hy uitstekende diens vanaf die polisie gekry het en van die skape is in Phiritona woongebied gevind. Twee mense is reeds aangekeer. Van die 120 gesteelde skape is 96 skape terug en 14 dood gevind. Hy kort steeds 10. Die beraamde verlies is R50 000 nadat daar van sy diesel en gereedskap ook gesteel is. Met al die spore was daar vermoedelik vyf mense op sy werf gewees. Van der Westhuizen vertel dat hy drie weke terug ook deurgeloop het toe veediewe gepoog het om 80 van sy beeste te steel. Een van sy verse is egter op die Sasolburg pad doodgery deur 'n vragmotor. Alhoewel die polisie se statistieke aandui dat veediefstal in die Vrystaat met 0,08% gedaal het, meen die meeste boere in die Heilbron omgewing dat dit by die dag toeneem. Van der Westhuizen is die voorsitter van die Transvaal Lanbou Unie in die Vrystaat. Egter is dit nie al wat die Heilbron boere bekommerd maak nie. Vir September is daar tot dusver 8 voorvalle aangemeld van vee wat gesteel is in die Heilbron omgewing. 'n Totaal van 81 beeste is gesteel en 80 is teruggevind. Die skaapboere lei groter skade, 335gesteel en net 209 teruggevind, 126 stuks vee verlore. Boere soos Theuns Fourie van plaas Inloop het ook deurgeloop Dinsdag, 17 September. Daar is 160 van sy skape gesteel en 100 teruggevind. 'n Beroep word op alle boere gedoen om gereeld hulle vee te tel en seker te maak dat hulle gebrand is.

ULTIMO
AUCTIONEERS
(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron
VEILINGSDATUMS
SATERDAG
28 September om 11:00
VRYDAG
11 Oktober om 11:00
Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
*Implemente inskrywings is ook baie welkom.*

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Loeweld Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
www.bkb.co.za

VRYSTAAT-VERSORGING IN AKSIE
FREE STATE CARE IN ACTION
TLHOKOMELO TSHEBETSONG YA FREISTATA

**Vakature : Professionele Verpleegkundige – Voldag**
Posvereistes : Graad 12; erkende toepaslike kwalifikasie; geregistreer by die Raad op Verpleging as Verpleegkundige; minimum van een jaar ondervinding in Bejaardesorg; rekenaarvaardig; geldige rybewys; taalvaardig - Afrikaans, Engels en 'n derde taal sal 'n aanbeveling wees
Vergoeding : Salaris onderhandelbaar; pensioenfonds en diensbonus
Sluitingsdatum : 10 Oktober 2019

**Vakature : Bestuurder, Huis Silwerjare, Petrus Steyn – Voldag**
Posvereiste : Bestuursvaardighede; minstens vyf jaar bestuurservaring; personeelbestuur; bou van netwerke en uitbouing van die tehuis; kennis van en begrip vir die leefwêreld van die ouer persoon; kennis van relevante wetgewing – Wet op Ouer Persone en Arbeidswetgewing; rekenaarvaardig; geldige rybewys; taalvaardig - Afrikaans, Engels en 'n derde taal sal 'n aanbeveling wees
Vergoeding : Salaris onderhandelbaar; pensioenfonds en diensbonus
Sluitingsdatum : 10 Oktober 2019

**Datum van indiensneming : 1 November 2019**
**Belangstellendes moet CV stuur aan:**
**Huis Silwerjare, hennie.duplessis@hotmail.com of kontak Mike Botha 072 427 7364**
**Indien u nie voor 17 Oktober 2019 genooi word vir 'n onderhoud nie, moet u aanvaar dat die aansoek onsuksesvol was.**

HNR Afslaers

**HNR Afslaers bied met trots**
*Immigrasie-Veiling*

**ALGEHELE UITVERKOPINGS VEILING**
SATERDAG 5 OKTOBER 2019 OM 10:00 • PLAAS BOOMPLAAS, HEILBRON

**VOERTUIE EN MOTORFIETSE:** 2009 Toyota Yaris 3-deur 1100 met 110 000km, Suzuki LTZ400 2004 - 4-wiel, 3-wiel motorfiets, Kazuma 10cc vierwiel, antieke bus nie lopend (net dop - ideaal vir restaurant - klaskamer - gastekamer), bakkietralies vir Toyota LWB, bokkies vir voertuie, dubbelas dollie, Falcon snymasjien, klein motorfiets vir onderdele, platbak enkelas sleepwa 2 ton, s/s *rollbar* vir Toyota Raider, Raleigh AC 2000 resiesfiets, Toyota *bullbar*, Venter kokerbak 1 ton enkelas sleepwa, Venter sleepwa 6vt, ens.
**IMPLEMENTE:** Koeler 5m x 2m x 2m, kunsmispomp, Lincoln sweismasjien vir onderdele, sentrifugaalpomp met motor, trekker *pulley*, waterpomp,1 ry plantereenheid, 2m Soilmaster skoffel, 2 skoffelrame, 3m tefsaaier, 3-skaar raamploeg, 4-tol hark, 3-punt skraper, baie planter onderdele vir JD 7000, 1-toon ripper, hooglaai baalvurk, onkruidspuit, petrolblaser, saadmenger, ou sleepdis, tiller 7 tand, vuurvegter, enkelas sleepwa, antieke skoffel, osploeg 1-skaar, 2-skaar ploeg met wiele drom vir saad meng en vele meer.
**PLAASTOERUSTING:** Elektriese sementmenger, elektriese grassnyer, kragopwekker, graandam 130 ton, ysterpale, ysters, sinkplate, verskeie *rims* met bande en vele meer.
**HUISRAAD:** *Hifi* met luidsprekers + dvd, ¾ bed - katel met matras, 6-fin olieverwarmer, bedlampies, boks TV, Defy outomatiese wasmasjien, Defy Auto Dry tuimeldroër, gordyne, Hoover stofsuier, horlosies, kinder riempiesstoele, klererakke, kombuistafel plus 5 stoele, kombuiskaste ± 10 eenhede, kombuiskassie, lampstaander,melamien tafel plus oorgetrekte stoele, mini spitbraaier, muurverwarmer nuut, opvou kieriestoeltjies, Ariston gasstoof, Phillips radio CD speler, platespeler, slaapkamerstel: dubbelbed + 2 kaste + kopstuk + spieëlkas, Sleeper 8-sitplek eetkamerstel, Sleeper koffietafel, staanverwarmer, staanwaaier, strykyster, Superfreeze kisvrieskas, tafel en stoele, broodrooster, tuimeldroër, Vorwerk stofsuier, klok horlosie
**SKILDERYE:** Kralewerk in raam, Donna Wood skilderye, voëlprente, kosmosprente, antieke rame, huisie portret, portrette, pappegaaiprente, tapisserie, Afrika koperhorlosie, versamelaars teelepels in rakkie en vele meer.
**KOMBUISRAAD:** Elektriese ketel, elektriese koekiedrukker, elektriese braaier, *hotdog* maker, houtskinkbord, ingelegde vrugte, kolwyntjiepanne, konveksie oondjie, Sodastream met 4 gasbottels, swartpotte, TV skinkborde, ysmaker, meelblik, 2-plaat gasstoof, 3-poot potte, 4 s/s bekers in houer, afdroograkkies, bekers, blikkies, borde, messe, glase, braaipan, broodpanne, eetgerei, emalje skottel, emalje potte, Gladwrap masjien, glasbakke, 5 groot koppies, blikbekers, groot s/s pot 15 liter, groot vleispan, koekblik, koekpanne, koekdrukkers, koppies en pierings, lepels + vurke, mengbakke + Tupperbakke, elektriese menger, messestel in houtblokkie, stoompotte, Tecla potte om vrugtesap af te trek, en vele meer.
**KAMPTOERUSTING:** Visstokke + katrolle, visvang gereedskap, Cadac gasbraaier, gaslamp, grondseil, gasbottels 7kg, s/s braaier, tent, toeknyprooster, kampstoel, eetgerei, kamptafels, tentpenne, hamer, ens.
**VEETOERUSTING:** Vervoerhok, rekkietang, spuite, tange, tatoeëertang,
**MELKERY TOERUSTING:** 1600L melktenk met kompressor - direkte verkoeling, roomkanne, melkmasjien vakuumpomp, melksif en -emmers, ens.
**GEREEDSKAP:** trapleertjie, trekskaal, hand wielpomp, boutoerusting, houtlatte ( brandering), lere, kruiwaraam, pyphamer, rakke, rugsakspuit, saktrollie, batterylaaier, blare blaser, bench grinder, bobbejaan spanners, boldcutter, g-klampe, harke, hidroliese pers, houtsaag, domkragte, kragtoetser, kruiwa, baie ou spanners, oliekannetjie, oliebad sweismasjien, skroewedraaiers, pikke, pyp buigmasjien, pypsnyer, ratchet om ketting styf te trek, Wolf grassnyer, baie gereedskap – te veel om op te noem...
**VLEISVERWERKINGSTOERUSTING:** elektriese vleissnyer, biltongkerwer, handmeule, Meat-Master vleissaag met elektriese motor, Meat Pride vleissaag, *tenderiser*, worsstopper, meuletjie met elektriese motor, gas steakbraaier
**DRANKVERSAMELING:** Sjampanje bottels + KWV wyne, verskeie versamelaarswyne (meer as 100 bottels)
**TUINORNAMENTE:** Plastiese patiotafel plus 6 stoele, draadtuinstel (tafel met 4 stoele), verskeie pragtige ornamente uit blik vir die tuin.
**ALLERLEI:** Enkel *lockers*, Evertop skudmasjien, gasverwarmer, groot buiteligte, groot krat, hout *cot*, kandelare vir kerse, kapstok/hoedestok, kathuise, matverwarmer vir diere, oefenfiets, baie ornamente, ottomans, tafeltennistafel, trommels, beeldjies, infrarooiligte vir honde, antenna, Avery skaal, blou plastiese dromme, bokssak, budgie hokkies, eier broeikas, enjin onderdele, gasbottel 18kg, geute, geyser 150L, groot voëlhok, oefentrappe, perdesaal + -toom, loopring, seeppot, trampolien - volledig, antieke skaal,
Items kan voor die veiling onttrek of bygevoeg word.
**TERME:** Slegs kontant, EFT op terrein, kaartfasiliteite beskikbaar.
Geen item sal verwyder word voor ten volle vereffen is nie.
1. Volledige voorwaardes by veiling beskikbaar. 2. 10 % Koperskommissie op los bates betaalbaar.

**NAVRAE EN BESIGTIGING KONTAK:** ***Samuel Brayshaw 084 603 3853.***
**ROETEAANWYSINGS:** ***Ry 25 km vanaf Heilbron op Sasolburgpad. Draai regs by plaas in.***
***Ry 25 km vanaf Sasol/koppies kruising na Heilbron. Draai links by plaas in.***

HNR AFSLAERS vir fotos Find us on: facebook.

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae tot Donderdae:** 07:30 tot 17:00
**Vrydae:** 07:30 tot 16:30 | **Saterdae:** 08:30 tot 13:00

**Besoek ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...**

Herald Office National
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

# Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.***

**MY VINGERAFDRUKKE**

Here, oral waar ek gaan laat ek vingerafdrukke na. Op die hande wat ek aanraak, op borde, mure en boeke. Daar is nie wegkomkans nie, waar ek vat plaas ek 'n teken van my identiteit. Help my Here, om vandag waar ek ookal gaan hartafdrukke na te laat. Hartafdrukke van regverdigheid en deernis van begrip en liefde van barmhartigheid en belangstelling. Hartafdrukke van hartlike vriendelikheid en van opregte betrokkenheid. Mag my hart 'n ander hart aanraak en 'n afdruk van U liefde laat. En as iemand sou sê "Jou aanraking het my vandag versterk", laat hulle agterbly met die wete dat dit u liefde was wat hul in my ervaar het.

Die Psalm (Ps 111) noem drie dinge van die Here wat nooit verander nie. Eerstens staan Sy trou vir altyd vas (vers 3). God kan nooit ontrou word nie. Pla dit jou ook dat mense so wisselvallig is? 'n Mens weet nooit wat om te verwag nie. Die een dag kan iemand jou vriendelik groet, net om jou die volgende dag te ignoreer. Die een dag word jy oorlaai met liefde, en die volgende dag soos 'n nat handdoek eenkant gegooi. Dit is egter nie van God waar nie. Hy is gister, vandag en môre dieselfde, en tot in Ewigheid. Hy kan jou nie môre liewer hê as wat Hy jou vandag liefhet nie, want Hy het jou volkome lief. Sy verbond kan ook nie verander nie (vers 5). Wanneer God homself verbind het bly Hy verbonde. Hoeveel kinders van die Here het nie in 'n oomblik van diepe radeloosheid gevoel dat die Here hul verlaat het nie? Dit kan egter nie gebeur nie. Hy het Sy Seun aan die kruis van Golgota verlaat, sodat ons nooit verlaat kan word nie. God is met onbreekbare bande van Liefde aan jou verbind. Sy woord kan ook nie verander nie (vers 7). Die aarde sal eerder verbygaan, as wat een woord, wat die Here gespreek het, ongeldig word. Wat hier staan van Sy voorskrifte, geld ook vir Sy beloftes. Al Sy beloftes geld ook vandag volkome vir jou. Sy liefde is te sterk, dat Hy jou sal afskryf. Kyk na Sy Hande, daar is die kwitansie vir al jou sonde wat Hy betaal het. Dis in die "diepte" van die "see", weggebêre.

Bron: "Brood op die water"

## Het jy geweet ?...

By bo water…
Hoe bly 'n goudvis drywend in die water?

Goudvisse het 'n sakkie met gas gevul in die middel van hul liggame. Hierdie geswelde blaas help om die vis op enige vlak in die water te hou. As lug uit die sak onttrek word, sak die vis tot op 'n laer vlak. Die swemblaas help ook om balans en versterk klank.

# Swangerskap, babas & rugpyn

## *Kyk na jouself, jou baba en jou rug*

- Ingestuur deur Tokollo Rehabilitasiespan



# Finansiële inligtingsessie was leersaam

Op 13 September 2019 was daar 'n inligtingsessie gehou oor kapitaalwinsbelasting, boedelbeplanning en SARS. Dit was gehou deur Louise Snyman Rekenmeesters in samewerking met Steve Venter Finansiële Dienste by Louise Snyman se kantore in Luytstraat.

Jeremy Jonker druk egter uit dat die band tussen hulle en Louise Snyman daagliks versterk en hulle bevoorreg was om deel te wees van hierdie dag. Tydens die inligtingsessie het Mnr Jeremy Jonker van Steve Venter verduidelik hoe belangrik dit is om die regte dekking by polisse te verkry in die geval van ongeskiktheidsdekking en die bepalings van uitbetalings by die spesifieke polisse. Mev Louise Snyman het egter beklemtoon dat SARS deesdae fokus op klein en mediumbesighede. Sy het ook genoem dat die dieselrabat oudits daagliks toeneem en dat die korrekte rekords gehou moet word vir SARS anders word alle ontoelaabare dieselrabat eise teruggeskryf. Mnr Steve Venter het benadruk hoe belangrik dit is om boedelontleding te laat doen sodat vasgestel kan word wat die kapitaalwinsbelasting sal wees indien iemand tot sterwe kom en daar is grond- en of vaste bates betrokke by die boedel. Steve se beleid is egter om na 'n klient se behoeftes te kyk en sy bates te beskerm te beste vir hom. Oor die algemeen was dit 'n baie leersame praatjie oor sake wat mens nie altyd wil bespreek nie. Die belangrikheid daarvan is egter baie hoog.



*Op die foto: Steve Venter, Louise Snyman en Jeremy Jonker.*

# In die eg verbind



*Fritz en Nicolene Weilbach is getroud op 20 April 2019 te Leeuwpoort Heilbron. Fritz is die seun van Wouter en Wilna Weilbach van Heilbron en Nicolene is die dogter van Anita en wyle Jakes Naude van Heilbron. Die egpaar vestig hulle in Heilbron.*

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Silma kantoorure by 058 852 3033.





A WORLD-CLASS PROVINCE DESERVES WORLD-CLASS INFRASTRUCTURE.

The South African road network exceeds 747 000 kms in total length, making it the longest road network in Africa and the 10th largest in the world. At SANRAL we appreciate that our network is one of the key contributors to our country's competitiveness in global markets.

Projects like KwaZulu-Natal's Mount Edgecombe interchange, the longest incrementally launched bridge in the southern hemisphere guarantee our country a high level of mobility for people and goods transportation. The new four-level interchange facility provides at least two lanes on each of the major movements. It includes the implementation of directional ramps, eliminating the need for controlled signalisation, thus ensuring free flow of traffic in all directions. This is world-class infrastructure that links South Africa to the future.

**SANRAL. Beyond Roads.**

www.sanral.co.za

SANRAL

BUILDING SOUTH AFRICA THROUGH BETTER ROADS

# 'N SAD STORIE MET 'N HAPPY ENDING

**DEEL 3** *(Vervolg...)*



Maandagoggend, 5 Julie, neem Johan (oudste boetie) my lughawe toe. **WAT WEET EK NOU VAN LUGHAWENS AF?** Die grootste gebou in my tuisdorp is die skool, en nou word ek ingesluk deur mense met wielietjiestasse en vreemde gesigte. Ek kry eers my kaartjie, Johan weeg my bagasie in, ek beklou die tassie met die kontantgeld wat "uitgevoer" moet word. Die betaling vir die noodambulans en ander uitgawes wat gedelg moet word.

Ek loop by vreemde hekke in en uit. Staar by die groot, oop vensters van die lughawegebou uit. Wonder hoe om my pad deur hierdie labarint te kry. Liena en Frank was altyd saam as ons gevlieg het, en hulle het geweet waar om wanneer in te gaan.

**EERS GAAN SOEK EK 'N BOEK (WAARVAN EK DIE DIE TITEL OP DAARDIE STADIUM KON ONTHOU NIE), MAAR EK KRY DIT NIE.** Ek kom uiteindelik by die instaphek aan. En ek *huilhuilhuil*. Wonderwerk: Die lugwaardin sê: "You are a bit late, so I booked a Business class seat for you." Ek sê dankie en *huilhuilhuil*. Sy sê weer: "Business class." Ek sê dankie en *huilhuilhuil*.

Later vind ek toe uit dat dit die *grênd* sitplekke is. Ek kry 'n warm waslappie by die lugwaardin, en vee toe sommer my betraande gesig af. Sy gesels die hele vlug lank met my en vertel hoe goed die Here vir haar was toe haar sussie dood is. Ek kry salm om te eet, maar dit smaak soos hooi. Ek skryf 'n sms vir Johan: "Eks oppad. In Business class." Hy skryf terug: "Die Here bederf jou! Geniet die goedheid van Hom."

En dit was net die begin van 'n ongelooflike ervaring! Die Here is goed! Daar is geen einde aan Sy goedheid nie.

Op Hosea Kutako lughawe buitekant Windhoek wag tannie Karen en oom Albert my in. Harte week van die seer. Ons ry Windhoek toe sonder om te praat. Elkeen met sy eie dink in sy hart.

Buite die hospitaal staan Derek en Lizette Bissett, twee ou vriende. Spesiaal gevlieg om by Frank en Allie te wees.

**IN WINDHOEK MEDICLINIC AANGEKOM, SIEN EK HOE LYK FRANK.** Hy wat die hele tyd nog gesê het dat hy nie beseer is nie. Die helfte van sy kop is blou, hy het 'n skedelbasisfraktuur wat aan hom "wasbeer-oë" gee. Daar is 'n diep sny aan sy hand, en sy arms is potblou. Sy skouer is gebreek.

Allie lê met die twee gegipsde bene. Elke beweging is vir hom pynlik. Sy hart is seer. Ons almal huil gelyk. Maar dis lekker om hulle te sien.

Blyplek! Ek het daarvan vergeet. Wonderwerk: Die man wat hulle kroegman was toe hulle in 1987 in Grootfontein verloof geraak het, Bernhard Frankenfeld en sy vrou, Dalene, bly om die hoek van die hospitaal en ek gaan daar tuis.

Dinsdag, 6 Julie, sms Frank dat ek vir hom sjampoe uit Liena se tas moet haal. Ek maak haar tas oop, en ruik aan haar klere: Liena se reuk hang nog daarin. Dis asof sy dit net 'n paar oomblikke gelede ingepak het. Asof sy netnou weer sal terugkom. My hart loop vir die eerste keer oor met 'n hartseer wat nie in trane uitgedruk kan word nie. **NIEMAND KAN JOU OOIT VERDUIDELIK NIE HOE DIT SOU VOEL OM HAAR REUK HIER TE KRY, MAAR OM NET HAAR LEWELOSE HERINNERING IN JOU TE VOEL.**

Ds. Deon Holtzhauzen daag op. Hy was hulle predikant en vriend. Hy gaan vir Liena begrawe. Saam met hom, Derek en oom Albert boek ons vir Frank vir die dag uit die hospitaal en ry Otjiwarongo toe. Ek het twee geel rosies. Ons soek na die toneel, en uiteindelik sien ons dit. Plastiese handskoene lê die hele wêreld vol. Leë vrugtesaphouers en hier en daar 'n verlepte kersietamatie. Ek staan verstom: Liena, hoor jy my? Ons kom soek iets van jou hier. Ek wil jou hier kry, maar niks. Niks.

Ek en Frank sit vir haar twee rosies neer op die plek van impak. Deon bid vir ons. Dis 'n verslae paar minute wat ons daar staan. Ek is so jammer vir Frank en Allie. Wat gaan hulle maak sonder Liena? En ek het die hele tyd nog net aan myself gedink...

Ons ry in dorp toe, en Marie Gey van Pittius help ons om Liena se doodsertifikaat te bekom. Haar naam is verkeerd gespel, en dit moet oorgedoen word. Frank moet 'n verklaring by die polisie gaan aflê.

Ons gaan kyk na die oorblyfsels van die Disco by 'n insleepdiens. Frank se deur is nog gesluit. Die sleutel steek nog in die aansitter. Die spaarwiel is die enigste ding wat sonder skrape is. Frank haal vir Allie die vier wieldoppies af. En ek besef: Wonderwerk: Twee mense het lewend uit hierdie wrak gekom!

**ONGELUKKIG IS LIENA SE JUWELE VAN HAAR LEWELOSE LYF AF GESTEEL:** 'n Paar oorbelle wat hulle in Oostenryk gekoop het, 'n ketting, haar horlosie en haar trouring. In geld kan dit dalk vervang word, maar die sentiment daaraan is al wat saakmaak.

Liena is oppad Windhoek toe. Ek kry die permit om haar te laat "uitvoer" Suid-Afrika toe. Woensdag gaan ek AVBOB toe, en hoor dat sy gebalsem moet word, en in 'n koue sinkkis terugvervoer moet word Johannesburg toe. Ek ril toe ek dink dat dit winter is, en dat sy dalk alleen en koud sal voel.

Frank, Allie en Deon wil Woensdag alleentyd hê, en hy stuur my, vir wat hy noem, Retail Therapy. Derek en Lizette vlieg terug Republiek toe. Deon gee die teksvers vir die begrafnis: Openbaring 14:13: "Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe... Hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle." Wat 'n troos!

*...word vervolg...*

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)
Sin Kol: Vennootskappe: NGKA Vrystaat (Botshabelo) Blok 3

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 5 & 6

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontaak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30. Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

## Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz


*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.

**THINGS MONEY CAN'T BUY:**

1. MANNERS
2. MORALS
3. RESPECT
4. CHARACTER
5. COMMON SENSE
6. TRUST
7. PATIENCE
8. CLASS
9. INTEGRITY
10. LOVE

## GEKLASSIFISEERD
*Smalls*

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**



**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)


**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 20 Sept. | 13 / 30 | Sonnig |
| Sa 21 Sept. | 13 / 30 | Sonnig |
| So 22 Sept. | 14 / 30 | Sonnig |
| Ma 23 Sept. | 8 / 30 | Sonnig |
| Di 24 Sept. | 4 / 22 | Sonnig |
| Wo 25 Sept. | 5 / 22 | Sonnig |
| Do 26 Sept. | 4 / 23 | Sonnig |
| Vr 27 Sept. | 4 / 25 | Sonnig |
| Sa 28 Sept. | 5 / 25 | Sonnig |
| So 29 Sept. | 6 / 25 | Sonnig |
| Ma 30 Sept. | 6 / 25 | 74% kans vir donderbuie |

## TE KOOP

**TE KOOP / TE HUUR**
Asbeshuis Edenville. 4 Slaapkamers, 1 1/2 badkamer, Kombuis, Spens, Eetkamer, Sitkamer. Groot erf omhein. Boorgat. 3 Motorhuise, 2 Buitekamers.
**Skakel 082 772 5777**
K

**HONDJIES TE KOOP**
• Miniatuur Worsies te koop. 2 x Geënt. Ontwurm en opreg. R3 000.
• Great Danes te koop. 3 Entings en ontwurm. Opreg. Ook jong waghonde by Giapanta KUSA Kennel te Koppies.
**Kontak 076 212 1474**
DB

**Heilbron • Edenville • Frankfort**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

**VOER TE KOOP**
Voer te koop.
**Kontak 083 688 8256**
K

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma kantoorure by 058 852 3033.

## EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**




**LILITHALETHU**
Trading 41

**RE-ADVERT CONTRACT NO: HS-B01/2018/2019C_SUB (01): APPOINTMENT OF LOCAL BASED SUBCONTRACTORS FOR THE CONSTRUCTION OF WATER AND SEWER RETICULATION IN PHIRITONA EXTENSION 10.**

**T1.1 BID NOTICE AND INVITATION TO BID FOR SUB-CONTRACTING**

Lilithalethu Trading 41 invites Tenders for the appointment of **Local Based Subcontractors** for the Construction of Water and Sewer Reticulation in Phiritona Extension 10. This project is located in Heilbron of Ngwathe Local Municipality (NLM) in the Fezile Dabi District Municipality.

Tenderers should have a CIDB contractor grading designation of **1CE or higher**.

Preferences will be offered to tenderers who comply with the criteria stated in the Tender Data.

A compulsory briefing meeting will be held at Heilbron Municipal Office on **Monday, 23 September 2019 at 1400hrs.** (Tender Documents will also be distributed during the meeting). **Late arrivals will not be allowed to participate in the meeting and their submissions shall be declared non-responsive.**

The closing time for receipt of tenders is 14h00 on **Friday 27 September 2019**

Submissions shall be sealed in an envelope marked with the bidders' address, Tender No. and Description and be deposited in the **TENDER BOX at** Heilbron Municipal Office:.

Bidders must take note of the following:
- Bidders to submit company profile;
- Bidders to submit Original Valid Tax Clearance Certificate;
- Bidders to submit CIDB Registration Certificate - grading as indicated above;
- Persons in the service of the state are not allowed to bid;

Enquiries relating to this bid documents and Technical enquiries should be directed to:
- Mr O Gombakomba (Main Contractor) @ Cell.: 073 380 1838 or E-mail: oliverg1@live.com
- Mr M Masuku (Project Engineer) @ Cell.: 073 0541374 or E-mail:605consulting@gmail.com

## TE HUUR

**HEILBRON ROLBALKLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Magda Bierman 083 292 1503**
G

**WOONSTEL TE HUUR**
1 x 1 Slaapkamer woonstel beskikbaar 1 Oktober 2019.
1 x 3 slaapkamer woonstel beskikbaar 1 Oktober 2019.
**Skakel Derdrë 082 478 3566 Heilbron**
K1693

**WOONSTEL TE HUUR:**
**IDEAAL VIR ENKEL PERSOON**
Eenslaapkamer Rondawel woonstel te huur met sitkamer, kombuis en badkamer asook veilige onderdak parkering.
**Kontak Petro Habig 064 655 0907**
SKB

**ROLSTOEL PROJEK**
Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

## DIENSTE




**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

**GRAVERING**
Bring asseblief alle gravering vroeg. Ons sluit 1 November 2019. Open 5 Januarie 2020.
**Skakel Derdrë 082 478 3566 Heilbron**
K1694

**SKOOL TERMYNE**
• Sluit 20 Sept.
• Open 1 Okt
• Sluit 4 Desember

**HOU HEILBRON SKOON**




# CANTARE
*Lofprysingsdiens*

**Sondag: 6 Oktober 2019 om 18:00**

**NG Moedergemeente Kroonstad (Sagte kollekte word opgeneem)**

**Tema**
God se Genade is vir ons genoeg!
Hoe reik ons uit na mekaar?

**Kunstenaars**
Soliste: Dewald Grobler (Bariton) Joe Muller (Tenoor).
Rozanne Pienaar (Sopraan) • Fluite: Carel en Carla Steyn
Klarinet: Anci Duffin • Orreliste: Isabel Kruger
Trompet: Carlo Wright • Saksofoon: Mossie Mostert
Voordrag: Mada Oosthuizen • Manskoor, Dameskoor en Kinderkoor.
Massakoor sluit die program af.
Gemeentesamesang asook Musikante wat paar werke sal speel.

**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Reitz leerders presteer



*Twee 0/13-krieketspelers van Hoërskool Reitz, is gekies vir die Thabo Mofutsanyana krieketspanne. Hulle is van links: Juan Theunissen (A-span) en Christiaan van der Sandt (B-span).*



*Johanné Neethling, 'n graad 8-leerling van Hoërskool Reitz, het deurgedring na die finale rondte van die WOW-Spelfees. Dit vind gedurende Oktober in Stellenbosch plaas.*



*Luan Strauss, 'n graad 9-leerder van Hoërskool Reitz, het aan die WKF Suid-Afrikaanse Karate Kampioenskappe deelgeneem te Durban. Hy verwerf brons in sy gewigsafdeling vir Kata en goud vir Kumite.*



*Op die foto links: Wilhelm Potgieter, 'n graad 2-leerder van Hoërskool Reitz, het puik presteer tydens die Suid-Afrikaanse Landloop kampioenskappe (ASA) te Centurion (Pretoria). Hy het tydens die Seuns 0/8 wedloop 'n tyd van 3 minute 26 sekondes oor een kilometer afgeblits.*
*Albei die eerste twee posisies het dieselfde wentyd behaal. Wilhelm is egter tweede geplaas en het daardeur die silwer-medalje gewen. Die Vrystaat 0/8-span het ook in die spankompetisie tweede geëindig. Wilhelm was die span se eerste atleet oor die wenstreep.*



*Sewe landloopatlete van Hoërskool Reitz het die Vrystaat-span tydens die Suid-Afrikaanse landloop kampioenskappe (ASA), op 7 September te Centurion (Pretoria) verteenwoordig. Hulle is van links voor: Janique Peens (D 0/10), Carlo Cilliers (S 0/8), Wilhelm Potgieter (S 0/8) en Thoriso Mokoena (S 0/9). Agter: Gerné Potgieter (D 0/9), Me. Yzelle de Beer (Vroue 35-39 jaar) en Wihan Neethling (s 0/11).*

# Gelukkige wenner




*Leon Deysel was die pryswenner van die lekkergoedhamper by Kleuterkasteel. Op die foto: Jannes, Pastoor Leon Deysel en Brand Deysel.*

# Die opwinding van die kindertyd gevoel

"Môre sluit die skole, Juffrou is gebore, in 'n blikkie bone, sonder kop of tone" Met vlinders in die magies en opgewondenheid, het kinders vandag, 20 September, by die skoolhekke uit die vakansie ingestorm. Die laatste kwartaal vir die jaar begin op 1 Oktober 2019 en gaan weer nuwe uitdagings vir skoolkinders inhou.

Hou jou kind besig met die volgende speletjie vir die vakansie:

**Liggaamsdele**

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| I | O | M | L | G | H | N | V | B | K | R | O | O | B |
| N | B | H | E | S | G | E | E | P | B | U | H | M | S |
| U | O | M | R | T | N | E | U | O | K | A | I | R | B |
| V | U | R | E | U | R | B | R | A | O | S | G | T | H |
| O | D | M | E | O | U | S | K | P | R | O | I | A | K |
| E | G | E | U | W | G | S | O | A | E | M | K | E | M |
| T | B | G | O | O | B | M | L | E | L | E | K | W | S |
| I | E | E | G | O | H | M | U | A | L | G | K | O | P |
| M | G | U | B | G | E | A | O | S | O | G | I | E | S |
| E | E | D | B | O | U | E | E | K | R | N | E | K | A |
| R | W | G | E | E | P | E | S | K | G | I | S | E | G |
| A | R | L | R | M | A | A | G | A | A | E | A | I | E |
| H | I | O | U | G | K | L | E | K | N | E | R | O | M |
| H | G | O | G | N | S | K | K | R | E | U | O | K | S |

ELMBOOG
OOR
KUIT
KOP
HAK
RUG
BORS
GEWRIG
OGIES
SKOUER
VOET
HARE
ARM
MAAG
GESIG
ENKEL
HEUP
NEK
BOUD
BEEN

# Braaidag 24 September

Jaarliks op 24 September is baie Suid-Afrikaners dankbaar dat dit 'n vakansiedag is. Op hierdie dag word Erfenisdag gedenk. Voor 1994 was dit as Shakadag bekend, waartydens Zoeloes hulle koning herdenk het. Na demokrasie-wording is dit omskep in 'n dag waarop alle kulture hulle eie erfenis kan herdenk. Erfenisdag gaan egter nie net oor die eie kulture van afsonderlike groepe nie, maar veral ook oor uitreiking oor die verskillende kultuurgrense heen. Die doel is ook om veral die jeug aan te moedig om Suid-Afrikaners se gedeelde erfenis in ere te hou. Hierdie dag is nou meer bekend as Nasionale Braaidag.



# HEILBRON JAGTERSVERENIGING NUUS

Die Vrystaatjagtersvereniging Riemland, Heilbron tak het Saterdag 14 September hul jaarlikse jeugskietdag aangebied. 22 juniors het dit bygewoon en kontantpryse was gewen.

**Die onderskeie wenners was:**

.22 - 3de Chanelle Engelbrecht, 2de Christiaan Muller en 1ste Wolter Bennink. Windbuks - 3de Corjan Roos, 2de Christiaan Muller en 1ste Chanelle Engelbrecht.

Jaggeweer - 3de Wolter Bennink, 2de Christiaan Muller en 1ste Chanelle Engelbrecht. Algeheel het Chanelle Engelbrecht skoonskip gemaak met 'n telling van 230 uit 250, 2de was Christiaan Muller met 221 uit 250 en 3de Wolter Bennink met 210 uit 250. Daar was ook deur die kuikenskuts, graad 3 en onder, geskiet en die uitslae soos volg: 3de John Rick Pretorius, 2de Rudy Swanepoel en 1ste Gerhard Engelbrecht. Na afloop van die oefening was daar op 'n afstand van 100m vier skote na 'n .22 sirkel teiken deur ouer en kind geskiet, twee skote elk. Die wenners hier was Liezel en Chanelle Engelbrecht. Die volgende skietdag is die 5de Oktober, formaat is groeperingskiet. Onthou om ook julle trofee's te bring vir meting op hierdie dag.



*Chanelle en Liezel Engelbrecht*




*Op die foto agter vl: Christiaan Muller, Wolter Bennink en Corjan Roos. Voor vl: Chanelle Engelbrecht, Gerhard Engelbrecht en Rudy Swanepoel.*

# ROLBALNUUS

Met die rolbalbaan se instandhouding agter die rug was dit tyd vir die algemene jaarvergadering en prysuitdeling.

Na baie jare se harde werk by die klub en al die reëlings wat gepaardgaan met borgdae en fondsinsamelings, het Koos en Magda Bierman besluit om nou halt te roep en die aflosstokkies oor te gee. Getrou aan hulle aard is hulle steeds beskikbaar met advies en ondersteuning.

Die nuwe bestuur is dan ook vol energie en idees om voort te bou op die fondasie wat deur die onderskeie bestuurslede van die verlede gelê is.

Met 2020 wat om die draai lê en loer sal daar reeds vroeg beplan word om die 60 jarige bestaan van die klub met 'n lekker "jol" te vier, alla Tom Watson.

Die baan se toestand word met 'n valkoog dopgehou deur al die lede en met die lekker warm weer wat tans ervaar word is die gras lus vir groei en behoort die baan teen einde September te open vir die 2019/2020 seisoen.

Klubkampioene: Dames 106: Hannalie Claassen, Mans 106; Koos Bierman, Gemengde Pare. Koos en Magda Bierman.



***BESTUUR 2020:** Hannalie Claassen, Terry Cunningham, Judith Joubert, Ernst Bieske (onder-president), Gerald Rademeyer (president), Petro Habig, Sue van der Westhuizen.*


**LILITHALETHU**
Trading 41

**RE-ADVERT CONTRACT NO. HS-B01/2018/2019C_SUB (02): APPOINTMENT OF LOCAL BASED SUBCONTRACTORS FOR THE CONSTRUCTION OF WATER AND SEWER RETICULATION IN PHIRITONA EXTENSION 10.**

**T1.1 BID NOTICE AND INVITATION TO BID FOR SUB-CONTRACTING**

Lilithalethu Trading 41 invites Tenders for the appointment of **Local Based Subcontractors** for the Construction of Water and Sewer Reticulation in Phiritona Extension 10. This project is located in Heilbron of Ngwathe Local Municipality (NLM) in the Fezile Dabi District Municipality.

Tenderers should have a CIDB contractor grading designation of **2CE or higher**.

Preferences will be offered to tenderers who comply with the criteria stated in the Tender Data.

A compulsory briefing meeting will be held at Heilbron Municipal Office on Mon**day, 23 September 2019 at 1400hrs.** (Tender Documents will also be distributed during the meeting). **Late arrivals will not be allowed to participate in the meeting and their submissions shall be declared non-responsive.**

The closing time for receipt of tenders is 14h00 on **Friday. 27 September 2019**

Submissions shall be sealed in an envelope marked with the bidders' address, Tender No. and Description and be deposited in the **TENDER BOX at** Heilbron Municipal Office.

Bidders must take note of the following:
- Bidders to submit company profile;
- Bidders to submit Original Valid Tax Clearance Certificate
- Bidders to submit CIDB Registration Certificate - grading as indicated above
- Persons in the service of the state are not allowed to bid.

Enquiries relating to this bid documents and Technical enquiries should be directed to:

- Mr O Gombakomba (Main Contractor) @ Cell.: 073 380 1838 or E-mail: oliverg1@live.com
- Mr M Masuku (Project Engineer) @ Cell.: 073 0541374 or E-mail 605consulting@gmail.com



HNR Afslaers

**HNR Afslaers bied met trots**
**BRAAIDAG**

**ALGEHELE VEILING UITVERKOPING**

***namens Andre Janse van Rensburg***

DINSDAG 24 SEPTEMBER 2019 OM 10:00 • GREENMANSTRAAT 83 HEILBRON

**VOERTUIG:** Toyota Conquest 1600i Sport 1988 Model, uitstekende toestand.
**MEUBELS:** 10 sitplek kombuistafel, 4 melamien stoele, enkel kombuis kas, bal-en-klou koffietafel, groenstel ouma en oupa stoele + 4 groen regop stoele, 2 ronde tafels, 2 regop stoele, Imbuia koffietafel, glas koffietafel, Imbuia eetkamertafel, Imbuia buffet, Imbuia slaapkamerstel - dubbelbed met spieëlkas en bedkassies en matras, 2 hangkaste (1 dames en 1 mans), wastafel met marmerblad, pine enkelbed met matras, vierkantige tafel met pote, verskeie buffet kaste, houtkas, jonkmans hangkas, 3 wit stoele, ronde tafel, kombuis kroegstoel, hangkaste, ronde stoeltjies, lessenaar, tuinstel, tuinbank, vlekvrye staal tafel, klip tafel, 3 enkel beddens, bamboes stoele, lazy-boy stoel, sitkamerstel (2x2 siplek en 2x1 sitplek) groot boekrak en vele meer.
**HUISRAAD:** Otto Bach Klavier, kierie-jas staander met spieël; gasstoof, piekniekmandjie, aluminium-ketel, eetstel met borde, eetstel (verskeie), koekblik, oondbakke, jafelpan, skottels, potte en panne, kol-wyntjie koekpanne, glas mengbakke, tertbakke, pyrex bakke, kombuis ornamente, skinkborde, groot vleispot, staalpotte, 2 vlekvrye staal bakke, glas koekborde, kombuisware, koppies en pierings, eetstelle, 6 goue lepels en vurkies en vele meer.
**SLAGHUISTOERUSTING:** Biltongkerwer, snyer, Meat-o-Matic vleissaag, 2 handvleissae, handmeule.
**ANTIEK:** Antieke emalje skottels, skoenlees, wafelmaker, broodsnyer, consol bottels, 2 x kombuiskaste, houtraam met spieël, suikerblik, pop met rok, 12 x ou Apostel lepels, Hollandse bewoording prente, sigarette houer, blik met dasspelde en mansjetknope, tafel met pote van garingtolle, slopemmers, Singer naaldwerkmasjien, Christelike portrette, ronde stoele, melkbekers, liniale, houtkaste, bed en matras, antieke projekter, karton tasse, swart ketel en roomkannetjie en vele meer.
**SLEUTELSNYMASJIENTOERUSTING:** Sleutelsnytoerusting, volledig met alle sleutels, 3 masjiene; kontak vir navrae.
**SKILDERYE EN HORLOSIES:** Kombuis muurornamente, klok, skinkbord skildery, tapisseries, Skilderye van Leon, Eduard Wium, Boshoff,
**ELEKTRIESE TOERUSTING:** Olieverwarmer, skottelgoedwasser, yskas 520 lt frost, Tedelex monitor, Kelvinator vrieskas, Aiwa radio met 2 luidsprekers, sealaer, skaal, wafelmaker, mikrogolfoond, ketel, toaster, eierkoker, air fryer, batterylaaier, vrieskas, Elna naaldwerkmasjien, Finesse omkapmasjien, Janome omkapmasjien, Sony TV- 37inch, LG DVD speler, HQ VHS videomasjien, AIM VHS videomasjien, DSTV dekodeerder, Salton warmplaat, LG golden eye met remote, staanlamp, Sanui radio speler, Hitachi videokamera met sak en toerusting, haarsny skeermesse, Flame haarknipper, 2 stofsuiers - Hoover en Reventa, muurverwarmer, infrarooi lig,1 mikrofoon, bedlamp met marmer voetstuk, Teak radiospeler, draagbare aircon, Ocean tuimeldroër, Diamond wasmasjien, dubbelbalie wasmasjien, Wolf elektriese grassnyer, kroegyskas, diepbraaier, kookpot, braaipanne, ens.
**ALLERLEI:** Kampstoel, marmer kaassnyer, vlekvrye staal bakke, graniet snybord, resepteboeke, bamboes wasgoedmandjie, staaltrommel, Delft bordjies, porselein vase, emalje wasskottel, pot en wasbeker, wynkruike, wasbeker met waskom, Wêreldspektrum boeke 1-29, lampe met marmer voetstukke, blou staanlamp, horlosie, kleipot bakke, kalbas, Persiese tafellappies, bedlampie, hangers, koper suikerpot met lepel, parafienlamp, Persiese matte, muurhorlosies, skooltas met naaldwerkpatrone, bliktrommel, draadmandjie, muskietvanger, *Stirling scope mounting*, brandblussers, 3-poot kamerastaander, porselein poppe, perdehoef sleutelhouer, kieries, potstaander, oefenfietse, strykplank, hangers, houtsneewerk, olifantfonteintjie, aardbol, skatkis, 2 kruisigingsportrette, houtleêrs, gieter, potplant in pot, kruiwa, 4 melk kanne.

***Items kan voor die veiling onttrek en/of bygevoeg word.***

**Terme:** Slegs kontant, EFT op terrein. Kaartfasiliteite is beskikbaar. Geen item sal verwyder word voor ten volle vereffen is nie. Volledige voorwaardes by veiling beskikbaar. 10% Koperskommissie op los bates betaalbaar. **Navrae en besigtiging kontak:** Samuel Brayshaw 084 603 3853.
**Roeteaanwysings:** Volg wegwysers: Greenmanstraat 83, Heilbron.
**Afslaersnota:** Meubels is in puik toestand en kwaliteit; Geleentheid om goeie en rare artikels te bekom.

HNR AFSLAERS vir fotos Find us on: facebook

# Herald Sport

# "Bokkoors" by die klub uitgebreek

Wêreldbekerkoors is hoog en die begin van die Rugby Wêreldbeker het vandag afgeskop met die opening in Japan. Môre speel die Bokke teen die All Blacks en dit is die groot wedstryd waarvoor almal gewag het.



Die gholfklub wil ook hê dat al hulle lede kan deel in die fees en daarom is spel vervroeg na 07:30 vir inskrywings en die afslaan is om 08:00.

Die HBA *Monthly Mug* gaan ook gespeel word.

Die nuwe Weber-braai word ingewy na afloop van die gholf en vir dié wat die rugby gaan kyk is daar braaipakkies en bykosse te koop teen R70. Trek jou groen hemp aan en wys jou trots. Daar gaan ook 'n punteraai-boerpot wees. Daar sal genoeg beeld en klank en koue ys wees, bring die hele familie vir die geleentheid.

Om terug te kom na die gholf, Jerry Nhlapo het verlede Saterdag se kompetisie met 30 punte gewen. Hennie Pretorius was in die tweede plek.


Heilbron Spar hou op 12 Oktober hulle groot dag en spelers kan gerus vroegtydig inskryf, dit gaan weer 'n trefferdag wees volgens die SPAR-mense.

## KRANSFONTEIN RESIESDUIFKLUB

Op 14 September 2019 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Drie Susters gevlieg. Daar het 377 duiwe deelgeneem in die reis. Die duiwe is 07:45 losgelaat. Met die loslating was dit mooi weer.

Die wenduif is deur Griessel Hokke geklok om 15:11. Die distansie was 689 km tot by die wenduif se hok. Die wenspoed is 1543.237 meter per minuut.

**Hier volg die uitslae:**
1ste - Griessel Hokke
2de - Bosman & Seuns
3de - Spartan Pigeons
4de - Wolmarans Hokke
5de - FED Hokke
6de - FED Hokke
7de - FED Hokke
8ste - Wolmarans Hokke
9de - Spartan Pigeons
10de - Fourie Hokke



## HEILBRON DUIWEKLUB

Verlede Saterdag se wedvlugte het vanaf Richmond plaasgevind. Die eerste wedvlug se duiwe is om 06:45 losgelaat om die 600km aan te pak. Die winde was veranderlik. Die afstand is in 7 uur 20 minute afgelê teen 'n gemiddelde spoed van 82 km per uur. Frik Viviers se duiwe het albei wedvlugte gewen.

**RICHMOND OPE 1**
1. F Viviers
2. F Viviers
3. F Spangenberg
4. F Viviers
5. Zenith B
6. Zenith B
7. Zenith B
8. Zenith B
9. Zenith A
10. F Viviers

**RICHMOND OPE 2**
1. F Viviers
2. Zenith A
3. Zenith A
4. Crause & Seun
5. Zenith A
6. F Viviers
7. F Viviers
8. F Spangenberg
9. Zenith B
10. F Viviers

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 24 SEPTEMBER 2019
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Boeta Maree 073 949 8786

BULTFONTEIN : DOLF & ESTIE DU BRUYN
255 Top SAVM skape
11:00, Ons s'n, Bultfontein
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WOENSDAG - 25 SEPTEMBER 2019
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Lukas Steenkamp 067 404 0690

DONDERDAG - 26 SEPTEMBER 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYDAG - 27 SEPTEMBER 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID

